**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
PLEINSTR., STELLENBOSCH
VIR
- Deftige Mansklerasie
- Rakette
- Northampton Mansskoene

# DIE Matie

ORGAAN VAN A.N.S.-TAK. STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

DEEL III, No. 10. VRYDAG, 14 MEI 1943. PRYS 1d.

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Parte is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU — in Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

# 'n Geskiedkundige Intervarsity

## Afrikaner Speel teen Afrikaner

### Studente Jolyt en Sprankelende Rugby

**Wat weinig of niemand aan die begin van die jaar verwag het nie, vind môre plaas — Intervarsity, met sy sang, skerts en studentejolyt, wat aan dié voetbalwedstryd sy besondere aantrekkingskrag gee. Maar die wedstryd wat môre plaasvind op Coetzenburg tussen Groote Schuur en U.S. het vir elke reggesinde Matie 'n groter betekenis as die van 'n gewone Intervarsity. Vir die eerste keer in die geskiedenis van hierdie tradisionele botsing op die rugbyveld sal die spanne op die veld en die onedrsteuners om die veld feitlik uitsluitlik bestaan uit Afrikaners.**

Hierdie toestand, wat nou dat dit 'n voldonge feit is vir ons alles behalwe onaangenaam is, is nie deur die Afrikaner gesoek nie, want die standpunt van die meeste Afrikaners was nog altyd dat die sportveld die plek is waar die botsende elemente in ons bevolking mekaar kon vind. Juis die deel van die bevolking wat vandag veg vir die sg. regte en vryhede van die individu, wou die reg van die Afrikaner om voetbal te speel slegs vir die voetbal, van hom ontneem en is daardeur direk verantwoordelik vir die geskiedkundige Intervarsity wat môre op Stellenbosch plaasvind. Die Afrikaner is gedwing om slegs met Afrikaner voetbal te speel.

Waar dit die geval is, rus daar op Stellenbosch 'n groot verantwoordelikheid. In die verlede toe U.K. altyd die verloorders was, kon daar vanselfsprekend nie 'n suiwer Afrikaanse gees met Intervarsity geheers het nie. Môre, en moontlik vir die volgende paar jaar, kan dit heeltemal anders wees, en Stellenbosch sal sorg dra dat dit wel die geval is.

Laat die ondersteuners van Groote Schuur dus môre op Afrikaanse wyse met die kous oor die kop teruggestuur word na die plek vanwaar hulle op manmoedige wyse opgetrek het.

**SLUIT AAN BY A.N.S.**

HOOFKWARTIER VAN GESONDHEID
Soos na ouder gewoonte.... ontmoet julle vriende by
SUIKERBOSSIE MELKSALON
vir 'n lekker melkdrankie, koffie, ens.
*Onder persoonlike toesig van OOM HUGO.*

## Van Ons President

In 1911 is daar 'n begin gemaak met 'n reeks vriendskaplike wedstryde wat met die verloop van tyd bekend geword het as die „Intervarsity"-wedstryde. Gedurende die afgelope tyd het daar jaarliks weerklink „Ikeys, ons kry jul jammer.." en „Samoa, Samoa, Samoa, we say.."

Vir alle rugby-geesdriftiges is dit haas ondenkbaar dat 'n rugby-seisoen kan afloop sonder weereens daardie gesonde en opgeruimde studentevrolikheid by te woon. Dit is immers die sportdag van die jaar. Die grootste aantal toeskouers wat daar nog ooit op Nuwelande was, was by geleentheid van 'n Intervarsity 'n paar jaar gelede — in elke geval was dit so tot die einde van die vorige seisoen; moontlike rekords wat vanjaar opgestel is, is aan my onbekend.

Ongelukkige gebeurtenisse het nou 'n einde gebring aan die „Intervarsity" soos ons dit in die verlede geken het.

1943: Geen studentevrolikheid om en op die voetbalveld nie? Onmoontlik! Daar sal weer gespeel word!— daar sal weer gesing word! Weliswaar sal dit moet wees „Apies ons kry jul jammer....," maar ons koester die hoop dat dit tydelik is — dat gesonde verstand weer later die botoon sal voer — dat ons weereens met al ons vriende van die U.K. saam sal kan speel en nogmaals sing: „Ikeys, ons kry jul jammer...."

E. T. STEGMANN.

### Lag en Wees Vrolik

- **Maar....laat ons Intervarsity 'n Afrikanerkarakter dra.**
- **Maar....laat ons dié gesindheid openbaar wat ons tot eer sal strek.**
- **Maar....vermy dié soort van gedrag wat nie Eie is aan ons Volkskarakter nie.**
- **Maar....laat ons die Christelikheid, waarop ons roem, uitleef.**
- **En.....ons hou lekker Intervarsity!**

## Schuurtjies (Apies) Reg Vir Maties

Groote Schuur Maandag:— Weereens het die Intervarsitygees die Kaapse kontrei ingeneem — ja 'n mens kan maar sê dit is groot sjees, (Maties dit rym met Kees — onthou Louis!!). Ja nee, die spirit is sommer groot hier. Waar daar geloop, getrap, geluister, geruik, gekyk word is die etergolfies sommer so swaargelaai van die „Groot Dag." Mens kan maar sê die Groote Schuur manne se lus hang uit vir die Maties.

Dit maak nie saak waar 'n mens in die middag in Kaapstad is nie, maar om half-vyf hoor jy die manne sing— kan maar sê mens hoor dit beter as die 12-uur bid-kanon! Die man hiervoor verantwoordelik is niemand anders as ou Guy de Klerk nie. (L.W. Guy vs. Louis = Rosa!). Wat in die hakies staan is eintlik die rede dat ou Guy die groot stokkie-swaai het!

Kom 'n mens bietjie nader aan hierdie oorverdowende maar tog soetstrelende singery dan is daar 'n driehondertal entoesiastiese Groote Schuur sangers en sangeresse, wat Saterdag tog maar die Maties se sopie sal laat bitter smaak. Luister maar net:

„Dis maar Boer-bloed wat so maak
Dis Boerseuns wat daar speel
Daarom Maties, vir jul te veel!"

Ja, die Groote Schuur manne het die groot gevoelte. Op die Rondebosch meent gaan dit net so moeilik. Elke middag is ou Fanie en sy manne daar. Wat maak hulle daar? Arrie nee! dit laat 'n mens se rug so lekker kry om die klomp kêrels so tussen die molshope, vore en bulte, die bal so lekker te sien hanteer. 'n Bal aanslaan? Nooit! Daarvoor is daar mos knieaksie! Dis waar, Maties sal moet mooi Duinkerk!

Die reëlingskomitee bestaan uit: P. Joubert (saamroeper), H. Grové, H. Kirsten, Guy de Klerk (dirigent) en C. G. de Villiers (Pianis).

### Van Ons Kaptein

Nee voorwaar, ons het op 'n stadium gekom waar 'n mens skrik as jy die woord „Intervarsity" besig. In die eerste plaas dink jy aan die politieke sy van die saak. Vergun my dus die voorreg waar ek aan u wil meedeel dat ons hier g'n politiek insleep nie.

Weereens is ons as studente op die pad na die dag waarna ons uitgesien het. 'n Dag wat vir elke student met goue letters gegrafeer sal staan. 'n Dag waar ons as studente kan uiting gee van wat binne in ons is en ons spanne selfs oor die doellyn kan sing en skree.

(Vervolg op bls. 4, kol. 1)

## Maties se Kanse vir Intervarsity

Nadat die Matie-vyftiental so pragtig verlede Saterdag teen Tuine vertoon het, en ongelukkig was om nie die wedstryd te wen nie, het ons Matieondersteuners alle hoop dat die Rooijersies môre die louere gaan wegdra. 'n Span wat so saam kan speel, en soos een man kan verdedig wanneer die nood druk, en weer so knaend op die aanval kan hamer as hul lus kry, kan nie anders as om tot groot dinge in staat te wees nie.

Van der Walt en Buys het teen Tuine goed vertoon, en veral laasgenoemde wat 'n goeie diens agter die skrum gelewer het, het veel daartoe bygedra om die agterlyn glad en vinnig weg te stuur.

### Welkom Schuurtjies!

**„Die Matie" groet julle! Welkom in Matieland, Apies! Ons haal ons hoede af vir julle Boereseuns en Boeredogters, wat ly vir jul standpunt. Ons bring hulde aan julle vir julle standvastigheid in die stryd. Ons is trots op julle al is julle ons teenstanders op die rugbyveld, want ons is almal met een gees besiel!**

As Hannes de Villiers en Koos Brink op hul stukke môre is, kan ons verwag dat die twee Matievleuels môre vir Groote Schuur harde bene sal laat kou. Waar Groote Schuur se aanvalspunt eintlik lê is by hulle senters, veral Fanie v. d. Spuy (kaptein), wat verlede Saterdag besonder goed gespeel het. Sy skopwerk alleen is goud vir sy span werd..

Onder die voorhoedes sal 'n verhete stryd heers, maar ek dink dat Groote Schuur 'n effense oorhand in die lynstaan gaan hê met manne soos van Niekerk, Te Water en van Rensburg om vir die bal te spring. Wil Delport en sy makkers sal hulle egter terdeë laat les opsê in die vaste skrums, en dit kan miskien hier wees vanwaar die Maties se oorwinning kan voortspruit.

In elk geval met 'n Intervarsity kan die beproefste profeet nooit met sekerheid voorspel wat gaan gebeur nie, en die uitslag kan tot die laaste minuut in die weegskaal wees.

Aangesien die wedstryd die vorm van 'n regte Intervarsity aanneem sal daar seker soos van ouds die menigtes in hulle duisende opkom om te sien hoe ons hierdie eerste Intervarsity van sy soort wen.

Ek is onseker oor die uitslag op die veld; maar omtrent een ding is ek baie seker en dit is dat die Maties vir Groote Schuur môre skoon van die Pawiljoen gaan afsing. Louis Duvenage, ons dirigent, sal goed genoeg weet hoe om met sy manne en dogters die Apies skoon uit hulle nommerplate te lig met „Umpa," en aan die slaap te sus met „Riekatie Sama Kaboe."

Victoria Kafee EN BILJARTSALON
*Nou onder die persoonlike bestuur van Mnr. en Mev. P. P. du PLESSIS.*
*PLEINSTRAAT*

Kamers 501-520 Vyfde Verdieping

**R. W. van Ryn**

BRILMAKER.

Tel. 2-1944. Posbus 2657.

Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.

Laat u brilvoorskrif deur my vooltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame. Spesiale afslag vir Studente.

**Darters**

Pleinstraat, Stellenbosch

*Vir waarde in*

★ *Boeke*
★ *Skryfbehoeftes*
★ *Kunsmateriaal*

**APTEKERS**

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.

●

**JOERNING en SEUN**

(Eiens.) Bpk.

Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**DIE EIKE KAFEE**

(Eienaar: G. H. van Zyl)

*STUDENTE:*

Kom na die EIKE vir vars vrugte, sjokolade en tabak.

Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

**Die Plaza**

Foon 6013.

●

GREER GARSON
en
WALTER PIDGEON
in
*MRS. MINIVER*

*Vrydag en Saterdag,*
*14 en 15 Mei*

Matinee: Saterdag om 3 n.m.

**Heerlike VarsVrugte**
*by*
**J. G. Canaris**

**DIE MATIE**

Alle korrespondensie aan:
D. F. VAN DER MERWE,
Dagbreek.
REDAKTEUR,

Deel III. 14 Mei 1943. No. 10.

## Die Nuwe Intervarsity

Jingo Onverdraagsaamheid het somar eensklaps met een groot nydigheid die massiewe poorte van die Afrikaanse Groot Skuur, daar by die Kaap, oopgeruk. Klein Skiertjies (of hoe hulle ook al gedoop mog word) in wit hempies en swart broekies, het met onverwagte werklikheid daar uitgestorm. Niemand was seker meer verwonderd hieroor as juis net Jingo Onverdraagsaamheid nie. Maar wat, die ding het gebeur, en dis nou 'n voldonge feit, waarin selfs Jingo Onverdraagsaamheid moet berus.

En môre kom die Skiertjies na Matieland. Dis verstaanbaar. 'n Jong Skiertjie bly mos nog nat agter die ore, totdat die kruitdamp van sy eerste vuurdoop, die nattigheid weggedroog het. Ons verwelkom hierdie swart-wit-bont inwonertjies van die ou Kaapse Skuur, en juig oor hul koms na die Land van die Maties, omdat hul eerste nederlaag aan ons Matie-spanne die geleentheid sal gee om opnuut spoggerig voor ons skones te pronk.

Maar hierdie einste Jingo Onverdraagsaamheid wat aan *Aitjieland* se verdrukte minderheids groepie, hul klein heldeskaartjie, somar so skielik en onverwags outonomiteit en selfbeskikking verleen het, het ook die bodem van Matieland gewaarborg teen die periodieke invalle van die *Aitjies*. Die Aitjies is dood, lank lewe die Skiertjies! Voortaan sal Matieland ook, wat sy oorloë betref, die beginsel van rassesuiwerheid kan handhaaf. Dis nogal goed so; ons hou daarvan. Hoede af vir Jingo Onverdraagsaamheid.

Maar nou rus daar 'n dure plig op die skouers van die Maties. Laat ons maar dadelik saam met *Aitjie* ook vir *Tollie Spirit* in die kis lê, en laat ons sonder begrafnis ingetoënheid, heeltemal plesierig in die lekker Matiegees uitroep: Kom haal jou pak, ou Skiertjie. Laat ons oorlogvoer in hierdie gees, en laat ons fees vier in hierdie gees, altyd.

Vir die eerste keer in die geskiedenis sal die Afrikaners van U.K. en die Afrikaners van U.S. die geleentheid hê om 'n Afrikaanse intervarsity te hou. In hierdie verband is *Die Matie* gedagtig daaraan dat daar in oorlogstye meer dinge gebeur, onder die water, op die aarde en in die lug as wat die mens van droom. Daarom, komaan, laat ons Afrikaners in elke opsig volle gebruik maak van hierdie onverwagte geleentheid.

Mag die Maties wen en die Skiertjies nie so danig ver verloor nie.

**Die Voortrekkers sal môre D.V. op Coetzenburg tydens die Voetbalwedstryde, verversings en vrugte aan die toeskouers verkoop.**

**U ondersteuning in hierdie verband sal hartlik waardeer word.**

**ONDERSTEUN DIE VOORTREKKERS, DIE JEUG VAN U VOLK!**

---

Die Matie wil van die geleentheid gebruik maak om mej. Lettie Jonker, oud-Sonopper, hartelik geluk te wens met haar verlowing aan mnr. Kosie Claasens van Robertson. Mej. Jonker is sedert die begin van die jaar werksaam in Kaapstad, en word nog dikwels gedurende naweke in Stellenbosch opgemerk.

# Die Oorlog

## NOORD-AFRIKA

*„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

### Deur Prof. J. A. Wiid

Die veldtog in Noord-Afrika nader sy einde. Met die vernietiging van die Spil se strydmagte in Tunisië het die Amerikaans-Brits-Franse bondgenote in die huidige oorlog hulle grootste oorwinning op land behaal. Of die oorwinning in die arm en industrieel-onontwikkelde Afrika kan opweeg teen die verpletterende nederlae wat gedurende die huidige oorlog reeds in die kernland Europa en in die ryke Oos-Asië gely is, is 'n saak waaroor hier nie hoef uitgewei te word nie. Werklikheid is dat die Geallieerdes vandag baas is in Afrika, dat die Italiaanse koloniale ryk vernietig is, dat die gevaar vir Egipte — as 'n gevaar uit die woestynagtige Italiaanse koloniale ryk met al sy natuurlike nadele moontlik was — verwyder is, dat die Geallieerde skeepvaart deur die Middellandse See weer moontlik geword het en dat die Amerikane en Britte vandag in Noord-Afrika oor steunpunte beskik vanwaar aanvalle op Suid-Europa en veral op Italië gemaak kan word. Dit is almal werklikhede hierdie waarmee die oorlogvoerendes rekening moet hou.

'N NABETRAGTING

In die oorwinningsroes is daar altyd gevaar om die nugtere werklikheidsin kwyt te raak. Niemand minder as Herbert Morrison, Britse minister van binnelandse sake, het dit dan ook 'n paar dae gelede nodig geag om sy mense te waarsku teen „drome oor 'n vinnige en maklike oorwinning." Volgens Morrison is die veldtog in Noord-Afrika „slegs 'n voorspel tot ander en miskien omvattender optrede in Europa" en hy meen dat dit „verstandig sal wees as ons ons hart en gees voorberei op ernstiger beproewings in sommige opsigte as wat ons nog verduur het en die vooruitsigte voor ons in die maande wat kom, sober en standvastig bestry".

By die behandeling van die een of ander veldtog of aspek van die huidige reuse-worstelstryd is dit noodsaaklik dat **die oorlog as geheel nooit uit die oog verloor word nie.** Elke veldtog is 'n deeltjie, soms meer belangrik, soms minder belangrik, van een groot geheel. In verband met Noord-Afrika is dit goed om te onthou dat die Bolsjewistiese kommissaris vir buitelandse sake, Molotof, in Junie 1942 'n besoek aan Londen gebring het. By hierdie geleentheid is 'n Brits-Russiese verdrag gesluit waarin 'n „tweede front" in Wes-Europa in 1942 aan Moskou beloof is. Die jaar het sy einde genader maar die „tweede front" het nog altyd uitgebly. Toe eindelik in die eerste week van November 1942, opvallend gelyktydig met die Russiese offensief by Stalingrad en die Britse aanval in Egipte op Rommel, het die „verrassende" Brits-Amerikaanse landing in Frans-Noord-Afrika plaasgevind. Die beloofde „tweede front" in Wes-Europa het nou in Frans-Noord-Afrika opgeduik. Die besetting van sleutelstede in Tunisië binne enkele dae is in die vooruitsig gestel. Soos bekend het daar egter 'n vertraging ingetree omdat nie die Geallieerdes nie, maar die Spilmagte die belangrikste plekke in Tunisië beset het. Eers vandag, na die Russiese offensief reeds lang tot stilstand gekom het, staan die Geallieerdes in Noord-Afrika op die vooraand van 'n eindoorwinning.

Die veldtog in Noord-Afrika het aanleiding gegee tot heelwat spekulasie oor die Spil se taktiek. Volgens Britse skatting, om slegs een voorbeeld te noem, was daar in Noord-Afrika maar slegs van 150,000 tot 200,000 Spiltroepe. As hierdie skatting juis is dan was die Spil se strydmagte in Noord-Afrika opvallend klein, nie alleen vir die aanval nie maar selfs ook vir die verdediging. Ses maande was tog lang genoeg vir die Spil om oor hulle kort verbindingslyne groot strydmagte in Noord-Afrika te konsentreer en om die Afrikaanse brughoof te hou soos hulle reeds dikwels in hierdie oorlog ander brughoofde gehou het. Die een moontlikheid is dat die Spil nie oor genoeg troepe beskik nie, dat die Spilleërs in Rusland uitgebloei het, dat die besette lande en die lang Europese kuslyn te veel troepe eis. Indien dit die geval is dan hoef die Geallieerdes hulle nie oor die toekoms van die oorlog in Europa te kwel nie en dan is Morrison se waarskuwing oorbodig.

Daar is egter nog 'n ander moontlikheid en dit is dat die Spil die inisiatief in eie hande wil hou en derhalwe self wil bepaal dat die „tweede front" nie in Afrika sal wees soos die Geallieerdes dit wil hê nie, maar aan die kuste van Europa waar die Spil en nie die Geallieerdes nie oor belangrike voordele beskik. Die Spil wil m.a.w. veg op terrein wat hy self kies en nie op Afrika waar die Geallieerdes vir hom 'n „tweede front" wil berei nie. Dit is dus moontlik dat die klein Spilstrydmag in Noord-Afrika alleen die doel nagestreef het om te verhinder dat Rommel afgesny word en om die Geallieerdes so duur moontlik aan mense en materiaal te laat betaal.

Die vraag wat vandag deur menigeen gestel word is: Wat gaan die Britte en Amerikane doen na Afrika? Kom die Italiaanse eilande om en in die straat van Sisilië aan die beurt? Dit is egter nie in Afrika of in die Middellandse See waar die beslissende slag vir Europa gelewer sal word nie maar aan die Russiese front.

## Mnr. P. A. Theron

Baie graag voldoen ek aan die versoek van die nuutaangestelde redakteur van *Die Matie*, mnr. David v. .d. Merwe, om iets te sê oor die aftredende redakteur, mnr. P. A. Theron.

Aan mnr. Theron kom die dank en waardering van elke A.N.S.-lid toe. 'n Redakteur van 'n blad beweeg meesal op die agtergrond en as sulks mis hy dikwels die publieke erkenning wat 'n goeie redakteur wel verdien. Mnr. Theron was een van die stigters van *Die Matie* en was sedert die ontstaan van die blad nog altyd nou daaraan verbonde. Vanaf die ingang van die tweede semester sal mnr. Theron optree as voltydse dosent aan die Universiteit, in welke hoedanigheid — so het hy gevoel — hy beswaarlik as redakteur van 'n studenteblad kan optree.

*Die Matie* moet dus met leedwese afskeid neem van 'n baie ou bekende! Ons is jammer om mnr. Theron te verloor, maar ons is dankbaar vir die stewige fondament wat hy help lê het, en waarop verder duursaam voortgebou kan word.

Ek wil die nuwe redakteur van harte gelukwens met die aanstelling, wat sy volgehoue en ywerige redaksionele arbeid bekroon. Mag hy 'n vrugbare dienstyd tegemoet gaan.

*W. R. Laubscher.*

**Rook Springbok-Sigarette**

## „EX LIBRIS"

### Ds. T. N. Hanekom.

Hierdie keer waag ek 'n paar gedagtes oor Intervarsity. Vir my, net soos vir baie ander, is hierdie studente-dag altyd 'n baie aangename gebeurtenis, waarin ons studentelewe 'n mooi uiting vind. Op hierdie dag bied ons studente gewoonlik iets tipies van hulleself, waarin niemand hulle kan navolg nie. Intervarsity is meer as voetbal. Dit het geword 'n grootskaalse en georganiseerde openbaring van spontane jeuglewe, 'n klassieke uiting van ongeskonde lewenslus.

Wanneer ons oor hierdie dag praat kan ons nie anders as om met waardering melding te maak van die feit dat ons studente in die verlede altyd probeer het om aan die samelewing iets moois te lewer nie. Daarom ook het Intervarsity so 'n algemene erkenning en waardering verkry. Baie mense wat nooit 'n voetbalwedstryd sien nie, besoek gereeld die voetbalvelde op hierdie dag. Hulle openbaar daarin nie alleen hulle waardering vir, maar ook hulle goeie wil teenoor ons studentelewe en die feit dat hulle elke jaar weer terugkeer, bewys tog oortuigend dat hulle elke jaar weggaan met goeie gedagtes oor ons studente self.

Ek glo hierdie jaar sal dit nog meer as ooit die geval wees. Daar het dinge gebeur wat vir ons almal laat dink het, en vir die meeste van ons 'n verrassing was. Ons het tot dusver nog altyd in die Ikeys gesien die teenparty, die teenstander wat oorwin moet word. Maar hierdie keer sal ons hom verwelkom as 'n broer om mee saam te speel. As ons verloor sal ons nie weer so sleg voel as in die verlede nie; want as hy wen, wen hy ook tot ons blydskap en tot ons eer. Ons Matie-spelers kan hierdie keer in elk geval die uitslag as 'n wins beskou. As hulle wen, kry hulle natuurlik 'n paar punte op die lys; en verloor hulle, kry hulle 'n argument, 'n erepunt, waaroor almal hulle sal verbly, en wat hulle maklik kan gebruik as leedvermaak vir die ware anderkant.

Daarom gaan ons almal hierdie keer na Intervarsity met 'n aangename verwagting. Hierdie keer sal ons wedstryd wees, wat 'n Nederlandse skrywer noem „het goedbedoelde conflict der gelykgezinden; de tweedracht der eendrachtigen."

## Die Vernuftige Dame Sê:

Vandag wil ek u vertel hoe 'n mens op 'n baie ekonomiese wyse 'n uiters aantreklike en gerieflike werksak kan maak. Benodighede: allerlei stukkies oorskot materiaal—sy, linne, katoen, fluweel, satyn; ½ jrt. sy materiaal, ½ jrt. Katoen, en 'n paar drade helder gekleurde borduurgare.

Knip 'n stuk katoen 13dm. wyd by 25dm. lank, rangskik die stukkies gekleurde materiaal daarop en ryg dit vas. Werk dan die ente van die stukkies materiaal vas aan die katoenbasis met borduurgare van kontrasterende kleure. Die handvatsel word op dieselfde manier gemaak.

Knip nou die voering uit die symateriaal — 13dm. wyd en 24dm. lank; knip ook 'n stukkie materiaal 13dm. wyd en 9dm. lank vir die binnesakkie; vou dit dubbeld en stik dit vas op voering met vou omtrent 2dm. van die top van die sak.

Vou nou die bont oortreksel dubbeld en werk synate toe. Doen dieselfde met die voering. Sit voering in die oortreksel, en heg dit aan oortreksel met 'n slipsteek. Die handvatsel word tussen voering en oortreksel ingesit en vasgewerk — en u het 'n pragtige werksak.

## Onder Onsies

Mnr. Izak Marais wat op S.A.C.S. in die Kaap skoolhou, was verlede naweek in Dagbreek.

* * *

Mej. R. Kotze het verlede Donderdag mondig geword en het dit Vrydagaand gevier met 'n paar vriende in Sonop.

* * *

Mnr. Jack Uys het in die vakansie 'n moterfiets ongeluk gehad. Hy is egter beter, en is weer terug.

* * *

Die B.T.Kaners het Saterdagaand weer geesdriftig om 'n kampvuur die pret van die Toer herlewe. Onder die regie van mnr. Koekjan de Villiers is 'n baie geslaagde „dropera" opgevoer, en die lees van die toerjoernaal het nie minder byval gevind nie. Alle eer kom mnr. Martin van Rooyen toe vir sy uitstekende reëling van die April 1943 toer.

## Kantate: „Under The Palms".

Dit is verblydend om te verneem dat die stadsaal op Stellenbosch blykbaar die éérste keer sedert sy oprigting vol gaan wees, hoewel nie deur 'n politieke byeenkoms nie.

Dit is om twee redes verblydend: (1) Ons kry min geleentheid om kantates te hoor en die sangers te sien, en as ons hoop om ooit ons eie musiek op te bou moet ons tog seker begin met kennis van die moontlikhede. (2) Die 220 deelnemers bestaan uit o.a. universiteitsdosente, onderwysers, winkelbediendes, fabrieksmeisies, studente, e.d.m. Dit is seker die naaste wat daar nog ooit in Suid-Afrika gekom is aan 'n praktiese bewys van wat ons so graag met die lippe bely, nl. dat ons geen standsverskille ken nie. En die vriende wat meen en sê dat ons nie tot veel meer as konsertina en ghitaar in staat is nie — hulle moet tog maar daar wegbly as hulle hul oú oortuiging wil bly handhaaf.

Tussen hakies kan net nog meegedeel word dat die koorleier, mnr. Dirk Viljoen, oud-Matie, oud-S.V.R. en oud-McDonaldhuiser (van die dae vóór die dames!) is. Hy het toe al gewys waartoe hy in staat is, en sy koor verlede jaar op Daljosafat het duidelik getoon hoe sy studente-vernuf gegroei en geryp het. Die huidige onderneming van hom is 'n meesterwerk wat dank en waardering deur sy hele alma mater in die hoogste mate verdien.

*W. K.*


*Maak Kennis met die*

**Nuwe Volkspele**

**Opgestel deur Hester Morrison**
(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)
Met Musiek en Liedjies (grondgedigte) deur
**M. L. de Villiers**
Komponis van „Die Stem van Suid-Afrika."

*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*

Prys 4/3 posvry

Bestel by die uitgewers,
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Posbus 28, Stellenbosch
of by u Boekhandelaar.


## PLATE-PROGRAM

### Sondag, 16 Mei, 8.30 n.m.

*Bach: „Kommt ihr Töchter helft mir klagen,"* die openingskoor van die Mattheus-Passie, open die plateprogram gewy aan die twee Duitse reuse: Bach en Brahms. Die koor self is in twee groepe verdeel; soms beantwoord die een groep vrae oor die lye van Christus wat deur die ander gestel word, soms smelt albei groepe saam in hemelse harmonie.

Een van die treffendste arias uit die Passie is *„Erbarme dich mein Gott,"* vir Alt, Viool en Orkes. Voor na hierdie allerskoonste musiek te luister, is dit goed om die gemoed te dissiplineer tot stil ontvanklikheid. Alleen in so 'n stemming kan die grootsheid van die Mattheus-Passie van Bach ten beste waardeer word.

*Brahms: Simfonie No. 1 in C-kleinterts, Op. 68.* Hierdie werk beslaan vier dele, opgebou om die hoogtepunt in die Finale te bereik, wat byna so lank duur as die vorige drie dele saam. Die eerste deel word ingelei deur 'n stadige, sinistere inleiding, en dan volg die greep van nuwe rotsagtige lewe, soos Brahms dit so pynlik ondervind het. Die kleure van die Andante is sagter: 'n warm-vloeiende melodie, gevolg deur 'n Scherzo wat bestaan uit kykies in 'n geesteswêreld, treurig en grotesk. Die feestelike mars-tema van die Finale verdryf alle swartgalligheid, en voer tot 'n heerlike hymne van danksegging—die triomf van die stryder oor die stryd, van sekerheid oor vertwyfeling.

*H. L. du Plessis.*

Mnr. Bill de Klerk en mej. Anna Smith wat verlede kwartaal getroud is, woon tans in Winston Court, in Tamboerskloof.

* * *

Mej. Sarah Marais, wat verlede kwartaal by die huis was, is weer terug op Stellenbosch.


**DIE UITSPAN**

se *ROOMYS* is beroemd,

die *KOELDRANKE* is meestal suiwer vrugtesap.

Sulke *ETES* kry 'n mens maar net in

**DIE UITSPAN**

*Ondersteun die Alombekende Suid-Afrikaanse MUSIEK-FIRMA.*

Beroemd vir Diens en Kwaliteit van Benodighede

**R. MÜLLER**
(Eiens.) Bpk.
h/v Kasteel en Burgstrate, KAAPSTAD
en
Pleinstraat, STELLENBOSCH.

ALLEEN Pakke Klere met die Hand gemaak kan u die ONDERSKEIDING gee waarna u verlang.

Dit is KLERE gemaak deur

**Jac. J. du Toit en Kie.**

Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

Ons spesialiseer in MANELPAKKE en TOGAS vir Predikante.

Vir **BLAKENDE GESONDHEID** drink **HEERLIKE**

**KWV**

**DRUIWESAP**

*Onthou! K.W.V.- Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*

*Maak kennis met*

**LIGGAAMS-OPVOEDING**

*Die Tweetalige Kwartaalblad vir Liggaamsopvoeding in S.-A.*

**Intekengeld 5/- per jaar**

Die Uitgewers
LIGGAAMSOPVOEDING
Posbus 28, Stellenbosch

**AVBOB**

116 Takke — 44,000 Lede
Reserwefonds £113,000

Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65
BLOEMFONTEIN

Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

# Rook Springbok-Sigarette

# Stemme uit die Verlede

Langenhoven:—

„Die Afrikaner vertoon 'n aantal merkwaardige karaktertrekke wat almal die takke is van een wortel. *Hy is 'n verdrukte en 'n verslaafde en 'n uitgesuigde, 'n vrywillige uitgebuite en parasietprooi, omdat hy 'n gloër en 'n naäper en 'n hendsopper is, 'n nee-broer en 'n javreemde.* En dit alles om rede van sy buitensporige dwase slimmigheid. Die wortel van sy kwaad is dat hy 'n beterweter is. Sy beterwetenskap bestaan daarin dat elkeen beter weet as al die ander wat elkeen beter weet as hy en beter as mekaar. Daarom kan jy nooit 'n Afrikaner-leier kry nie. Netso gou as jy een het, het jy twee; en daar is skaars twee of elkeen van die twee is weer twee; nes die onsterflike, ongebore, eensellige kiemgoggatjies wat die merkwaardige rekenkundige probleem opgelos het om met verdeling te vermenigvuldig.

Wanneer daar 'n wa van ons vasval en daar is 'n span osse nodig om hom uit te sleep, soek ons twee span. Elke os word deur twee man aangebring, een van agter met 'n sambok om hom haastig te maak, en een van voor met 'n stomp vuur om hom terug te verskrik. Wanneer ons dan op hierdie vernuftige manier die nodige dubbel getal osse bymekaar versamel het, en daarna klaar rusie gemaak het oor elke besondere os of hy in hierdie span sal trek of in daardie, en dan weer of hy haar moet kom of hot, naasvoor of op-ses, dan bind ons die een span se trektou aan die disselboom en die ander aan die briek en ons dryf op, vorentoe en agteruit, tot daar een of ander van twee dinge gebeur. Of die wa word middeldeur geskeur en elke span neem met sy stuk stelletjie die loop, en dan baklei ons oor watter ander ons daar sal bring om te laat vasval. Of anders sleep die een span die wa met die ander en al weg en dan gryp die drywer van die verloorspan sy geweer en hy skiet die drywer van die wenspan dood."

[*Aan Stille Waters*, Versamelde Werke, XI, 128].

* * *

Ons voel dat ons met reg hierdie waarskuwing van ons gevierde skrywer onder die aandag van die Afrikanerdom kan bring omdat die A.N.S. hom baie vroeg al reeds uitgespreek het teen politieke verdeeldheid en verdeeldheid op ander gebiede van ons volkslewe wat in 'n groot mate veroorsaak is deur vreemde en onAfrikaanse invloede en hom beywer het vir die herskepping van ons volk tot 'n solidêre eenheid waarin ordelikheid en eendrag heers, ooreenkomstig die Christelike ideale van ons voorvaders.

Ons is verdeeld en verskeur, ons maak rusie met mekaar en op materiële gebied jaag elkeen sy eie belange na!

Mog hierdie kanker uit ons volkslewe uitgesny word! Mog ons verlos word van hierdie sonde! Afrikaner, luister na hierdie stem uit die verlede!

## „VAN ONS KAPTEIN"

(Vervolg van bls. 1, kol. 3)

Dis veral 'n voorreg om Fanie v. d. Spuy en sy kêrels baie geluk te wens met die stappe wat hul geneem het om vir ons so 'n dag daadwerklik te maak. Ons kan hul die versekering gee dat ons hul opoffering waardeer. En veral kan ons Groote Schuur beny wat hul moed en deursettingsvermoë betref. Wat dit alles betref wil ons as Maties ons hoed vir hulle afhaal. Sulke kêrels soos hulle hoort tuis by ons. Maar as hulle nie daar anderkant reghou nie sal so'n dag vir ons onmoontlik gewees het.

As ek namens die spelers iets mag sê, wil ek net aan Fanie die saak baie duidelik stel. Hy dra wel deeglik kennis van Matieland. Miskien nie so seer van ons spanne nie. Hul is eintlik die manne wat teuels in hande gaan neem. En dus ou pêrd, laat julle lyfies maar vet smeer. Die meeste van ons spelers is nog destyds op kasterolie en bitteraalwyn gevoer toe hul in Matieland aan wal gestap het. Dus pasop vir hulle.

Ek wil die hoop uitspreek dat ons die publiek met sulke rugby sal voorsien soos hul wens om te aanskou. Verder dat so 'n dag nie mag uitsterf nie en 'n instelling sal word. Mag hierdie eerste een van sy soort dan ook 'n gelukbringer wees vir die res wat mag volg.

P. SLABBER.

## Dameshokkie

Die eerste dameshokkiespan het verlede Saterdag Atlanta hier met twee doele teen een geklop. Die besoekende span het deurgaans vinniger aangeval as die tuisspan maar ongelukkig was hulle skietwerk maar swak. Mej. Hettie Lubbe en mej. Vera Wilkens het die Maties hul twee doele besorg en daar word daarop staat gemaak dat hulle môre teen die Ikeys ewe goed sal skiet.

Die Eerste Reserwespan het teen Tuine die onderspit gedelf. Die telling was 4—1. Mej. Hildegard Boehmke se verdedigingswerk was, nieteenstaande, knap.

## Korfbal

Verlede Saterdagoggend het daar op Coetzenburg drie korfbalspanne opgetree. Die Maties se eerstespan het in 'n vinnige en taai wedstryd met 21 doele teen 7 gewen. Die spel van mej. Ina Louw, die kaptein, was besonder rats.

Ook die tweedespan het in hul wedstryd die oorwinning behaal terwyl die derdespan met slegs 15 doele teen 12 geklop is.

Môre tree die Maties op Coetzenburg teen die Opleidingskollege Paarl op. Die wedstryd sal interessante spel lewer daar O.K.P. tot dusver dit vir die Maties altyd opdraend gegee het.

Mej. Alta Malan van Huis de Villiers, het verlede Saterdagaand haar mondigwording in die Uitspan op gesellige wyse gevier. Haar tweelingsuster, mej. Esmé Malan van die Paarl, het oorgekom om deel te neem aan die feestelikheid. Dr. en mev. Kalie Heese het as eregaste opgetree. Onder die menige gaste was opgemerk mejj. A. Lombaard, S. Stockenström, Chrissie Malan, mnre. Dawid de Villiers, Japie Zietsman, Bruckner de Villiers en Mike Smit.

Mej. Carlie le Riche het haar onderwyspos bedank en werk tans by 'n aandeel-firma in die Stad.

# Hoe die Elektron Geweeg Word

## Dr. P. de Vos voor die W.V.U.S.

Voorverlede Donderdag het dr. P. J. G. de Vos in 'n uiters interessante lesing voor 'n vergadering van die Wetenskaplike Vereniging van oor die 200 lede eksperimenteel aangetoon hoedat die elektron, die kleinste deel van negatiewe elektrisiteit, geweeg word.

Om aan te toon hoe ondenkbaar klein hierdie deeltjies werklik is, het dr. de Vos aangehaal dat die massa van die elektron net soveel kleiner as dié van 'n gram is, as wat die massa van die gram kleiner as dié van die aarde is.

Eers word die lading van die elektron bepaal deur middel van Millikan se oliedruppel eksperiment, waarin 'n mikrodruppel van olie met elektrone gelaai word deur die lug in die omgewing met X-strale te beskiet. Verder word die verhouding van die lading en massa van die elektron deur die reaksies van elektrieße en magnetiese velde op 'n stroom van elektrone na te gaan, bepaal.

So het dr. de Vos die massa van 'n elektron naastenby as een duisend biljoen biljoenste van 'n gram vasgestel.

Dr. T. Schaffler het dr. de Vos bedank vir die leersame verhandeling. Nà die vergadering is mnr. L. v. d. Walt, B.Sc., in die plek van mnr. H. A. Kuyler, B.Sc., wat tans op George skoolhou, as sekretaris gekies.

# Duitse Grondgebied en Versailles-Verdrag

*(Volgens Herle).*

Duitsland het met die Verdrag van Versailles (kolonies uitgesluit) 13 persent van haar totale area verloor, d.w.s. 27,500 vierkante myle. Die verlies aan bevolkingsgetal het byna 6,500,000 beloop. Die landbougebied wat Duitsland verloor het was ongeveer 12,350,000 akkers. Hierby kom nog die verlies van al haar kolonies wat ongeveer 'n area 1,140,000 vierkante myle insluit, d.w.s. meer as 6 keer die grote van die moederland, en wat 'n bevolking van 12,000,000 inwoners gedra het. Tenspyte van b.g. verliese, moes die Duitsland van voor die Tweede Wêreld Oorlog, dieselfde bevolking dra en voed as voor die Eerste Wêreldoorlog. Die verliese was as volg verdeel onder die verskillende geallieerde moondhede: —

| | Vkt. Myle | Bevolking |
|---|---|---|
| Poland | 17,815 | 3,855,000 |
| Frankryk | 5,607 | 1,874,000 |
| Danzig | 739 | 330,000 |
| Denemarke | 1,541 | 166,300 |
| Memel | 1,026 | 141,200 |
| België | 400 | 60,000 |
| Tsjeggeslowakye | 122 | 48,400 |
| Totaal | 27,250 | 6,474,900 |

In die jaar 1914 was die totale bevolking 68 miljoen, d.w.s. 362 indiwidue per vierkante myl.

LEBENSRAUM — DANZIG — TWEEDE WÊRELDOORLOG?

## Dames-Hokkie Intervarsity

Môre speel ons Dames Eerstespan Hokkie Intervarsity teen ons ou vriendinne van toeka se dae uit die Palestina se land. Al wat ons kan sê is: dons hul maar goed op, Iris Ettling en jou spanmaats, en hou julle naam hoog.

## Die Regte-dans

Dié funksie van die jaar het verlede Vrydagaand in die banketsaal van stapel geloop — dit was die jaarlikse dans van die Regsfakulteit. Vir die soveelste maal hierdie jaar was die Manhattan-orkes aan die beurt met vrolike dansmusiek. Daar het 'n atmosfeer van kameraderie geheers en gou was al die gaste in 'n jolige stemming.

Onder leiding van mnr. Paul Neethling, die bekwame konvenor, het die aand gevlot, en was dit maar weer te gou tyd om huistoe te gaan.

Aan die begin het dr. Verloren van Themaat 'n kort woordjie gesê namens die eregaste. Behalwe dr. en mev. Verloren van Themaat, was daar ook nog prof. dr. en mev. W. M. R. Malherbe, prof. dr. en mev. J. C. de Wet, mnr. en mev. J. Yeats en mnr. W. C. van der Westhuizen.

*SLUIT AAN BY A.N.S.*


Algemene Boeke

*IN ENGELS*

*o.a. die volgende:*

*MOZART* deur Eric Blom. 7/6.

*SHORT BIOGRAPHY SERIES.* — 2/9 stuk.

Casanova; Henry VIII; William the Conqueror; John Ruskin; William of Orange, ens., ens.

*AEROSCIENCE MANUAL* 6/9.

Mathematics, Physics, Sub-Atomic Physics, Weather-Study, Air Navigation, ens., ens.

*KOM KYK ONS RAKKE DEUR.*

C.S.V.-Boekhandel

Pleinstraat,

STELLENBOSCH.

GEBROEDERS DE WET (Eienaars) Bpk.

Bus 21 Foon 20

Algemene Handelaars

Mans-, Vroue- en Kinderuitrusters

Praktiese Snyers

Sport Eporium

GEBROEDERS DE WET (Eienaars) BEPERK - - - - - STELLENBOSCH